

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2026	
VAK		GESKIEDENIS	
VRAESTEL		2	
PUNTETOTAAL		150	
TYDSDUUR (UUR)		3	
AANTAL BLADSYE		9	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit 'n **AFDELING A** en **AFDELING B** soos voorgeskryf deur die inhoudsraamwerk in die **KABV**-dokument.
2. **AFDELING A** bestaan uit **DRIE** brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die **ADDENDUM** gevind word.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

- VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's
- VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN AANVAARDING VAN DIE VERLEDE
- VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT DIE HEDE

AFDELING B bestaan uit **DRIE** opstelvrae.

AFDELING B: OPSTELVRAE

- VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA
- VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE
- VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

3. Beantwoord **DRIE** vrae soos volg:
 - 3.1 Ten minste **EEN** vraag moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste **EEN** vraag moet 'n opstelvraag wees.
 - 3.2 Die **DERDE** vraag kan 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
4. Die toepassing van kennis, vaardighede en insig word ook in die beantwoording van die vrae getoets.
5. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van bronne as antwoorde.
6. Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
7. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.



AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevid word.

VRAAG 1: WATTER POLITIEKE UITDAGINGS MOES PW BOTHA SE REGERING IN SUID-AFRIKA DIE HOOF BIED GEDURENDE DIE 1980's?

Bestudeer bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

- 1.1.1 Haal bewyse uit die bron aan om die rede vir die verdeling in die Nasionale Party in Februarie 1982 aan te dui. (1x2) (2)
 - 1.1.2 Wie was die Eerste Minister van Suid-Afrika gedurende die 1980's? (1x1) (1)
 - 1.1.3 Lewer kommentaar oor wat Botha bedoel het met 'gesonde magsdeling' as 'n politieke oplossing in die konteks van Suid-Afrika gedurende die 1980's. (2x2) (4)
 - 1.1.4 Definieer die begrip *regses* in jou eie woorde. (1x2) (2)
 - 1.1.5 Identifiseer TWEE Nasionale Party-lede wat op 1 Maart 1982 uit die party bedank het. (2x1) (2)
- (11)**

1.2 Lees Bron 1B.

- 1.2.1 Hoekom, volgens die bron, het Botha politieke toegewings gemaak in die 1980's? (1x2) (2)
 - 1.2.2 Watter beperking is op die vakbonde in die 1980's afgedwing? (1x2) (2)
 - 1.2.3 Verduidelik die begrip *vakbond* in die konteks van Botha se hervormings gedurende die 1980's. (1x2) (2)
 - 1.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis. Hoekom het die werkers meer militant geword in Suid-Afrika gedurende die 1980's? (2x2) (4)
 - 1.2.5 Wat, volgens die bron, was die naam van die grootste vakbond wat nog ooit gevorm is in Suid-Afrika? (1x1) (1)
- (11)**



1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Hoe, volgens die bron, het die wit liberale gemeenskap hul ontevredenheid met die staat se dienspligeise gewys? Noem TWEE sulke betogings. (2x1) (2)

1.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis. Verduidelik hoekom die liberale wit gemeenskap gekant was teen Suid-Afrikaanse diensplig in die 1980's. (2x2) (4)

1.3.3 Hoekom sal 'n historikus wat die uitdagings bestudeer wat PW Botha in Suid-Afrika gedurende die 1980's ervaar het, hierdie bron as betroubaar beskou? (2x2) (4)

(10)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik die boodskap van hierdie spotprent betreffende PW Botha se regering in die 1980's. (1x2) (2)

1.4.2 Wat is die implikasie van die woorde, "Vuilgoedafhanklikheid kan behandel word, mnr. Botha, maar jy moet eers erken dat jy 'n probleem het"? (2x2) (4)

(6)

1.5 Verwys na Bronne 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C verskil van die bewyse in Bron 1D betreffende uitdagings wat PW Botha in die gesig gestaar het in Suid-Afrika gedurende die 1980's. (2x2) (4)

(4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis. Skryf 'n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik die politieke uitdagings wat deur PW Botha ervaar is in Suid-Afrika gedurende die 1980's. (8)

TOTAAL VRAAG 1: [50]



VRAAG 2: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN HUL HANTERING VAN DIE SLUIPMOORDSAAK OP MLUNGISI GRIFFITHS MXENGE?

Verwys na Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

- 2.1.1 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat voorstel dat die sluipmoord op Griffiths Mxenge deur 'n apartheidsdoodsgroep gepleeg is. (2x1) (2)
- 2.1.2 Definieer die begrip *sluipmoord* in jou eie woorde. (1x2) (2)
- 2.1.3 Gebruik die bron en jou eie kennis. Hoekom het die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) aan Dirk Coetzee amnestie toegestaan vir die sluipmoord op Griffiths Mxenge? (2x2) (4)
- 2.1.4 Hoekom, volgens die bron, is 'n sluipmoord op Griffiths Mxenge uitgevoer? (2x1) (2)
- (10)**

2.2 Bestudeer Bron 2B.

- 2.2.1 Identifiseer die DRIE mans wat amnestie verleen is vir die sluipmoord op Griffiths Mxenge. (3x1) (3)
- 2.2.2 Lewer kommentaar oor wat geïmpliseer word in die volgende stelling: '... hoewel daar 'twyfel' kan bestaan oor die identiteit van diegene wat Coetzee beveel of aangeraai het om Mxenge dood te maak'. (1x2) (2)
- 2.2.3 Verduidelik die begrip *amnestie* in die konteks van die WVK. (1x2) (2)
- 2.2.4 Hoekom was dit nie nodig dat die hof voortgaan met die Mxenge-moordsaak nie? (2x2) (4)
- (11)**



2.3 Gebruik Bron 2C.

- 2.3.1 Verduidelik die redes vir die teken van die spotprent. (2x2) (4)
- 2.3.2 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die sluipmoord van Griffiths Mxenge wil ondersoek. (2x2) (4)
- 2.3.3 Wanneer is die bogenoemde spotprent gepubliseer? (1x1) (1)
- (9)**

2.4 Lees Bron 2D.

- 2.4.1 Gebruik die bron en jou eie kennis. Hoekom het die eerste geregtelike doodsondersoek na Griffiths Mxenge se sluipmoord misluk? (2x2) (4)
- 2.4.2 Watter TWEE liggame (organisasies) het openbaar gemaak dat die bevel vir die sluipmoord van Mxenge van Vlakplaas gekom het? (2x1) (2)
- 2.4.3 Hoekom, volgens Minister Lamola, is dit nodig om die ondersoek na die sluipmoord op Mxenge te heropen? (2x1) (2)
- (8)**

- 2.5 Raadpleeg Bronne 2B en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2D ondersteun betreffende Griffiths Mxenge se sluipmoord-sage. (2x2) (4)
- (4)**

- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis. Skryf 'n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die Waarheid-en Versoeningskommissie (WVK) die sluipmoordinsident op Griffiths Mxenge hanteer het. (8)

TOTAAL VRAAG 2: [50]



VRAAG 3: HOE BEÏNVLOED VOEDSELSEKERHEID EN VOEDING DIE GEGLOBALISEERDE WÊRELD IN DIE 21^{STE} EEU?

Verwys na Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Verduidelik die begrip *voedselsekerheid* in jou eie woorde. (1x2) (2)
 - 3.1.2 Noem VIER faktore, volgens die bron, wat voedselvoorsiening ontwig. (4x1) (4)
 - 3.1.3 Noem enige TWEE dimensies/pilare van voedselvoorsiening wat deur die bron geïdentifiseer is. (2x1) (2)
 - 3.1.4 Lewer kommentaar oor die stelling 'voedsel moenie as 'n instrument van politieke en ekonomiese druk gebruik word nie' in die konteks van globalisering. (2x2) (4)
- (12)**

3.2 Bestudeer Bron 3B.

- 3.2.1 Hoekom, volgens die bron, het die toonaangewende kundiges in November 2023 by die Globale Voedselsekerheidsberaad bymekaar-gekom? (1x2) (2)
 - 3.2.2 Verduidelik die begrip *beraad* in die konteks van die Globale Voedselsekerheidsberaad wat in November 2023 gehou is. (1x2) (2)
 - 3.2.3 Identifiseer uit die bron, die TWEE grootste faktore wat wêreldhonger dryf. (2x1) (2)
 - 3.2.4 Wat is die implikasie van die frase "n skoenlapper se vlerke wat aan die een kant van die wêreld klap kan hongerte aan die anderkant van die wêreld aandryf" in die konteks van globalisering? (1x2) (2)
 - 3.2.5 Gebruik die bron en jou eie kennis. Verduidelik die impak van die inval in Oekraïne op voedselsekerheid. (2x2) (4)
- (12)**



3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Identifiseer enige TWEE Wêreldbankstrategieë wat in die bron genoem word om voedselonsekerheid in die wêreld te beëindig. (2x1) (2)

3.3.2 Hoe betroubaar is dié bron vir 'n historikus wat voedselsekerheid en voeding bestudeer in die geglobaliseerde wêreld van die 21^{ste} eeu? (2x2) (4)

(6)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Hoekom is hierdie grafiek geteken? (2x2) (4)

3.4.2 Verduidelik hoekom die grafiek groter voedselonsekerheid in persentasie aandui in:

a) Sub-Sahara Afrika (1x2) (2)

b) Suid-Asië (1x2) (2)

(8)

3.5 Verwys na Bronne 3C en 3D. Vergelyk die inligting in Bron 3C met bewyse in Bron 3D en bepaal verskille betreffende voedselsekerheid en voeding in die geglobaliseerde wêreld in die 21^{ste} eeu. (2x2) (4)

(4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis. Skryf 'n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin verduidelik word hoe voedselsekerheid en voeding 'n impak op die geglobaliseerde wêreld van die 21^{ste} eeu het. (8)

TOTAAL VRAAG 3: [50]



AFDELING B: OPSTELLE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling. Jou opstel moet omtrent DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Druk van die Swart Bewussynsbeweging (SBB) in die 1960's en 1970's het die apartheidsregering in Suid-Afrika gedwing om ineen te stort.

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou argument met relevante feite.

[50]

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate geweld, wantroue en spanning tussen die politieke leiers gedurende die onderhandelinge vir 'n demokratiese Suid-Afrika in die 1990's, die ontstaan van 'n nuwe Suid-Afrika ontspoor het.

Gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou argument te ondersteun.

[50]

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Bespreek krities hoe die hervormings van Gorbachev gelei het tot die disintegrasie van die Sowjetunie en die ondergang van apartheid in Suid-Afrika.

Gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou argument te ondersteun.

[50]

GROOTTOTAAL: [150]